

KONINKRYK

LES 6

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] DEUTERONOMIUM 8 – 11

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Deuteronomium 8 - 11). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) [DIE KONINKRYK VAN GOD] HERHALING VAN REEKS I

Herhaal twee aan twee die 5 Bybelverse van **reeks I: “Die Koninkryk van God”**.

(1) Ingaan in die Koninkryk. Johannes 3:3,5. “Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk nie sien nie. ... Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie.

(2) Verwelkom kinders in die Koninkryk. Lukas 18:16-17. Maar Jesus het hulle na Hom geroep en gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos ’n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.

(3) Verkondig die evangelie van die Koninkryk. Matteus 24:14. En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuigenis kan hoor. Eers dan sal die einde kom.

(4) Moenie omkyk tydens diens in die Koninkryk nie. Lukas 9:62. Toe sê Jesus: “Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.”

(5) Die triomf van die Koninkryk. Daniël 2:44. In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel ’n koninkryk oprig wat nooit vernietig sal word nie. Hierdie koninkryk sal nie deur ’n ander vervang word nie. Dit sal die ander koninkryke (Aramees: malikuta’) plat trap en vernietig, maar self sal dit vir altyd bestaan.

4 BYBELSTUDIE (85 minute) [DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE] ROMEINE 2:1-16

Inleiding. In Romeine 1 het Paulus aangetoon dat die heidene die toorn van God moet ervaar en dat hulle die geregtigheid (verlossing) van God nodig het. Die Jode in Rome het heeltemal daarmee saamgestem: die goddelose en onregverdige heidene verdien die toorn van God en kon met hulle goeie werke die guns van God nie wen nie.

Maar die Jode het nog steeds gedink dat God die Jode anders sou oordeel as die nie-Jode (heidene), omdat hulle gedink het dat die Jode God se uitverkore volk was en dat die Jode bepaalde voorregte gehad het. Hulle het geglo dat God belof het dat as die Jode die Wet sou onderhou, die Jode vrygestel sou word van God se toorn. Daarom toon Paulus in Romeine 2:1-16 aan dat die Jode vir hulleself straf vir die oordeelsdag opgaar en dat die Jode netsoos die nie-Jode die geregtigheid (verlossing) nodig het.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan Romeine 2:1-16 saam bestudeer.

Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

2:1-4

Ontdekking 1. Die rede hoekom ook die Jode veroordeel (verdoem) word.

(1) Die Jode was hipokriete (Romeine 2:1).

Die heidene was openlik ontwaard. Hulle het self kwaad gedoen (Romeine 1:18) en het ook hul goedkeuring gegee aan mense wat die kwaad doen (Romeine 1:32).

Die Jode het voorgegee dat hulle goed en regverdig was. Hulle het die heidene veroordeel vir die kwaad wat hulle doen, terwyl hulle dieselfde kwaad gedoen het (Romeine 2:21-22)! Die neiging om die heidene te veroordeel vir hul godsdienstige en morele perversiteit was 'n nasionale kenmerk van die Jode. Paulus beskryf die Jode met die woorde, "Mens wat 'n ander veroordeel". Die feit dat Jode ander oordeel, bewys dat hulle die reg van God geken het, naamlik, dat mense wat sulke dinge doen die dood verdien (Romeine 1:32). Daarom is vir die heidene geen verontskuldiging nie (Romeine 1:20), maar ook vir die Jode is daar geen verontskuldiging nie (Romeine 2:1)! Die blindheid en huigelary van die Jode was dat hulle die heidene veroordeel het vir kwaad wat hulleself ook gedoen het! Hulle kon nie sien dat met hulle veroordeling van die heidene, hulle ook hulleself veroordeel.

(2) Die Jode was aanmatigend (Romeine 2:2-3).

Die Jode het aangeneem dat God se oordeel oor Jode op 'n ander reël dan die waarheid sou berus. Hulle het verwag dat God die Jode sou oordeel, maar nie op grond van hul werklike gedrag nie, maar op grond van hul (uitverkore) nasionale en godsdienstige verhouding tot God. Op grond van die volgende feite het die Jode geglo alleen Jode (en niemand anders) God se besondere volk is en daarom vrygestel van straf is:

- Hulle het hul geloof in alleen één God bely (Deuteronomium 6:1)
- Hulle het elke dag drie keer gebid (Daniël 6:10)
- Hulle het elke jaar gedurende vier maande gevas (Sagaria 8:19) of selfs twee keer elke week (Lukas 18:12)
- Hulle het één tiende (Maleagi 3:10; Lukas 18:12) en selfs drie tiendes (Leviticus 27:30; Deuteronomium 14:22-29) aan hul godsdiens gegee
- Hulle het drie keer per jaar op 'n pelgrimsreis na Jerusalem gereis (Deuteronomium 16:16)
- Hulle het aanspraak gemaak dat hulle van Abraham afstam (Matteus 3:7-12; 8:10-12; Johannes 8:30-44)
- Hulle was besny (Handelinge 15:1,7-11) en het gedink dat hulle die wet (Tora, Sharia) onderhou.

Maar God se oordeel sal nie gebaseer wees op hul aanspraak dat hulle "Jode" is nie, maar op hul werklike lewe en werke. God se veroordeling van die skuldiges tot die verdoemenis (Romeine 5:16; 13:2) is gebaseer op "die waarheid", d.w.s., op "die werklikheid" van hul lewe en dade. Daarom is God se oordeel heeltemal onpartydig. "God trek immers niemand voor nie" (Romeine 2:11). Jode het geen bevoorregte posisie bo nie-Jode (die heidene) nie. Jode moenie dink dat hulle die veroordeling van God tot die verdoemenis sal vryspring nie!

(3) Die Jode het veragting getoon (Romeine 2:4).

Deur heel die geskiedenis van die Jode was God goed, verdraagsaam en geduldig teenoor die Jode. Hy het sy goedheid getoon deur so 'n klein volk as sy verbondsvolk te beskou (Deuteronomium 7:7-9). Hy het sy verdraagsaamheid getoon deur hulle nie telkens vir hulle sondes te straf nie. En HHy het sy geduld met hulle bewys deur hulle provokasies teen Hom te verdra.

Maar gedurende die hele geskiedenis en seker in die tyd van Paulus het die Jode die bemoeienisse van God met die Jode verag (Handelinge 13:42-52; 17:13; 28:23-28). Die Jode was so oortuig van hul eieregtigheid dat hulle God se genade in Jesus Christus verwerp het. In hul blindheid, verharding en arrogansie het hulle God se goedertierenheid, verdraagsaamheid en geduld met hulle verkeerd uitgelê as 'n garansie dat God hul persoonlike sondes toelaat en hulle nie sou veroordeel (verdoem) nie! Die Jode was wel oortuig dat die nie-Jode (heidene) hulle wel moes bekeer! Maar die Jode was nie oortuig dat hulle hul ook moes bekeer nie. Jode het nie begryp dat God se goedertierenheid, verdraagsaamheid en geduld met hulle die aansporing was om hulle tot bekering te lei nie (2 Petrus 3:9). Daarom het die Jode geweier om hul te bekeer (Romeine 10:21). Paulus praat nie oor God se besondere genade wat mense tot bekering lei nie (Romeine 8:29-30), maar oor *God se algemene genade wat bedoel is mense tot bekering te lei* (Handelinge 14:17; 17:24-27).

2:5-16

Ontdekking 2. Die verkondiging van God se veroordeling op die laaste oordeelsdag.

(1) Die laaste oordeelsdag gaan seker kom (Romeine 2:5).

Deur te weier om hul te bekeer, het die Jode vir hulleself straf opgegaan (vergelyk God se toorn teen die nie-Jode) (Romeine 1:18). "God se toorn is die regverdige reaksie en billike uitdrukking van God se reg en waarheid teen die sonde van die Jode. In die tyd van Paulus was God nog steeds geduldig teenoor die Jode (vergelyk sy geduld teenoor die nie-Jode) (2 Korintiërs 6:1-2; 2 Petrus 3:9), omdat Hy nie onmiddellik sy woede (gebelgdheid, toorn) teen hulle uitgevoer het nie, maar uitgestel het tot die laaste oordeelsdag. Maar op die laaste oordeelsdag sal God sy opgehoopte toorn uitvoer teen die Jode (en die nie-Jode) wat geen berou toon en hul nie bekeer nie.

(2) God se vyf kriteria vir die oordeel op die laaste oordeelsdag (Romeine 2:6-12).

Eerste criterium. God se laaste oordeel sal universeel wees. God sal alle nie-Jode en alle Jode oordeel. Geen enkel groep mense sal vrygestel word nie. Die gelowiges in Jesus Christus sal nie verdoem word nie tot die ewige dood (die hel) nie (Johannes 5:24), maar sal geoordeel word vir hoe hulle as Christene geleef het (2 Korintiërs 5:10).

Tweede criterium. God se laaste oordeel sal regverdig wees. God sal elke individu oordeel in ooreenstemming met sy “dade” (hoe hy geleef het en wat hy gedoen het). Op die laaste oordeelsdag sal alle mense wat ooit op die aarde geleef het voor die troon van oordeel van Jesus Christus staan om geoordeel te word. Die boek van die lewe sal geopen word en aas iemand se naam nie daarin geskrywe staan nie, sal hy in die poel wat met vuur en swael brand gegooi word (Openbaring 20:12b,15; 21:27). Die boek van die lewe bevat alle name van die ware gelowiges in Jesus Christus (Johannes 5:24; 6:37; 10:28-30; 17:12). Ook ander boeke sal geopen word en mense sal geoordeel word in ooreenstemming met wat in hierdie boeke geskrywe staan (Openbaring 20:12a,c; Matteus 16:27). Mense sal nie geoordeel word vir die sondes van ander mense nie (Esegël 18:20). Maar mense sal geoordeel word in ooreenstemming met die kwaliteit van hul eie dade (1 Korintiërs 3:12-15).

Derde criterium. God se laaste oordeel sal billik wees. God sal mense beloon en straf. Op die laaste oordeelsdag sal God die regverdiges (die gelowiges in Jesus Christus) beloon met die ewige lewe. Maar die onregverdiges (die mense wat nie in Jesus Christus glo nie) sal Hy straf met die ewige straf (Matteus 25:31-46). Dit is verkeerd om te beweer dat hierdie Bybelgedeelte uitsluitend oor die wet en nie oor die evangelie handel nie, omdat die onderrig van Paulus oor die laaste oordeelsdag ’n onderdeel van die evangelie is (Romeine 2:16)! Dit is ook verkeerd om te beweer dat die wet (van Moses) God se criterium vir die oordeel van ongelowiges en gelowiges sal wees. Die criterium vir die laaste oordeel sal nie die wet wees nie, maar die dade van mense in die lig van God se (algemene en besondere) openbaring!

Vierde criterium. God se laaste oordeel sal geen bevoorregte mense hê nie. God sal die Jode en die nie-Jode (heidene) met presies dieselfde kriteria oordeel. Die woorde: “In die eerste plek aan die Jood, maar ook aan die nie-Jood” (Romeine 2:10) mag nie uitgelê word dat God die Jode milder sal oordeel dan die nie-Jode (die heidene). God is God van sowel die Jode as die nie-Jode (Romeine 3:29). “God trek immers niemand voor nie” (Romeine 2:11). God sal die Jode en die nie-Jode met presies dieselfde kriteria oordeel. In die geskiedenis het die Jode die evangelie eerste ontvang. Daarom sal in die laaste oordeelsdag die Jode ook die eerste geoordeel word. Die Jode wat Christen geword het, sal die eerste in die openbaar as regverdig verklaar word en beloon word (Romeine 1:16; 2:10). Maar die Jode wat ongelowig bly, sal die eerste in die openbaar tot die ewige bestraffing verdoem word (Romeine 2:9).

Vyfde criterium. God se laaste oordeel sal absoluut redelik wees. God sal mense oordeel in ooreenstemming met hoeveel hulle oor God en sy wil geweet het. Daar bestaan twee groepe mense in die wêreld: “Die mense wat sonder die wet is” en “die mense wat onder die wet is” (letterlik: “in die wet is”) (Romeine 3:19)”. Maar omdat (letterlik:) “die werk van die wet (bedoel word: die optrede van sulke mense bewys dat die eise van die morele wet) in hul harte geskrywe staan” (Romeine 2:14-15), moet hierdie twee groepe mense verwys na die mense buite die besondere openbaring van God en mense binne die besondere openbaring van God.

Hierdie vyf kriteria met betrekking tot God se laaste oordeel bewys dat die God van die Bybel die Jode nie bo enig ander volk op die aarde voortrek nie! Die Jode besit geen onaantasbaarheid nie! Die Jode het wel ’n aantal voorregte gehad (Romeine 9:4-5), maar is nooit van die laaste oordeel vrygestel nie!

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 2:1-16 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

2:6

Vraag 1. Wat is God se criterium vir die oordeel van alle mense, ingeslote godsdienstige mense?

Aantekeninge. Dit is belangrik dat mense van alle godsdienste begryp dat niemand gered (verlos, geregverdig) sal word in ooreenstemming met sy godsdienstige werke nie, maar dat alle mense geoordeel sal word in ooreenstemming met hul dade (lewe, gedrag)!

In hul natuurlike staat is alle mense in die wêreld veroordeel. Ook die aanhangers van die ander godsdienste is veroordeel! Omdat hulle nie in God se oë regverdig is nie, is hulle tot die ewige dood verdoem!

2:7-11

Vraag 2. Wat is God se kriterium vir die die oordeel van mense wat goed of kwaad doen?

Aantekeninge.

(1) Niemand sal gered (verlos, geregverdig) word deur sy werke nie.

Hoe rym jy Romeine 2:6-8 met Galasiërs 2:16 wat sê: “Geen mens word geregverdig (ANV: vrygespreek) op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie.” Geregtigheid (vryspraak) kom tot stand deur:

- die genade van God
- die volbragte verlossingswerk van Christus
- die geloof in Jesus Christus

Maar sommige mense dink dat Romeine 2:6-8 die teenoorgestelde sê: “God sal elkeen vergeld volgens sy dade: aan dié wat goed doen die ewige lewe, en aan dié wat kwaad doen ... toorn en gramskap (ANV: straf).”

In hierdie Bybelgedeelte sê Paulus twee dinge:

Eerstens. Die wet is God se regverdige vereiste vir verlossing (regverdiging). God se heiligheid en geregtigheid vereis dat alle mens in die geskiedenis net so heilig en regverdig as God moet wees en dat al hul sondes volledig gestraf moet word! In Romeine 2:6-8 leer Paulus NIE die metode van regverdiging nie, maar die kriterium van geregtigheid wat op alle mens toegepas sal word wat probeer om deur die werke van die wet geregverdig te word. Wanneer mense glo dat hul werke (die onderhouding van die wet) die middel is waardeur hul geregverdig (verlos) word, dan moet hulle vir 100% al die vereistes van die wet hou en nie alleen maar ’n aantal van die wette nie (Romeine 2:13; Leviticus 18:5; Esegïel 20:11). Dan moet hulle die wet volledig en volmaak (100%) hou, of anders is hulle deur God “vervloek” (Galasiërs 3:10-11)! Selfs “as iemand die hele wet onderhou, maar in één op[sig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooe” (Jakobus 2:10)!

In Romeine 3:10-24 leer Paulus dat nie één mens die wet hou nie en dus dat nie één mens deur die onderhouding van die wet geregverdig word nie. Die evangelie is die goeie nuus dat God ’n ewige plan bedink het om mense te red (verlos, regverdig) sonder die werke van die wet. Terwyl *die wet alle mense verdoem* omdat hulle tekortsiet aan God se volmaakte vereistes vir regverdigmaking, verkondig die evangelie dat Jesus Christus verdoemde mense regverdig. Terwyl *die wet* duidelik maak dat alle mense ’n verlosser nodig het, verkondig *die evangelie* die Verlosser.

Tweedens. Die wet is God se regverdige maatstaf vir die laaste oordeel (die verdoemenis).

Met betrekking tot verlossing kan die wet alle mense alleen maar as skuldig en verlore veroordeel. Maar met betrekking tot die finale oordeel funksioneer die wet as maatstaf of standaard vir die veroordeling (verdoemenis) van ongelowiges en onregverdiges en ook as die maatstaf en standaard vir die straf van ongelowiges en die beloning van gelowiges. Die verlossing of verdoemenis van ’n mens word al bepaal terwyl hy nog op die aarde lewe, maar sy lewensstyl en werke word eers beoordeel aan die einde van die menslike geskiedenis. Dan sal alle mense geoordeel word in ooreenstemming met hul goeie en slegte werke (Prediker 12:14; 2 Korintiërs 5:10; Efesiërs 6:8).

God sal die regverdige (gelowige) in die openbaar vir ewig verlos (gered) verklaar op grond van die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus en hulle beloon in ooreenstemming met hul werke as Christene. Maar God sal die onregverdige (ongelowige) in die openbaar vir ewig verdoem verklaar op grond van hul onheilige, onregverdige en onvolmaakte werke. Hulle word veroordeel (verdoem)

- vir hul ongelooft - omdat hulle nie in Jesus Christus glo nie (Johannes 3:18)
- vir hul kwaad – hulle het die waarheid verwerp en die kwaad gevolg (Romeine 2:8)
- vir hul gebrek aan geregtigheid – hulle het geen reg gedoen aan Christus en aan sy broeders nie (Matteus 25:40-41,45)

Hulle sal regverdig en billik gestraf word in ooreenstemming met wat hul bose werke verdien (Lukas 12:47-48).

Dus, Romeine 2:8 leer dat mense deur hul bose werke geoordeel en veroordeel sal word. Maar Romeine 2:7 leer NIE dat sommige mense deur hul goeie werke gered (verlos, geregverdig) sal word nie!

Waarom sê Paulus dan dat God die ewige lewe (en vrede) sal gee aan mense wat “met volharding goed doen en heerlikheid, eer en onverganklikheid soek”? Humaniste en godsdienstige mense sou gaan glo dat hul goeie werke in staat is om hulle te red (verlos, regverdig)!

Die eerste vraag is: “Wat is dan “goed” in die oë van God?” Wat in vers 7 “goed” is, moet die teenoorgestelde wees van wat in vers 8 en 9 “die kwaad” is. “Wat goed is” moet gedefinieer word met:

- aanneem van die waarheid (Let wel: die waarheid is Jesus Christus (Johannes 14:6), die Bybel (Johannes 17:17), die onderrig van Jesus Christus (Johannes 8:31-32) en die werklikhede van sy volbragte werk van verlossing (Johannes 1:17))
- volg van wat goed in God se oë is: die God van die Bybel en sy geregtigheid (Markus 10:18)
- soek van God se heerlikheid (God se wese), eer (God se goedkeuring), onverganklikheid (God se lewe) en vrede (God se heelheid).

“Wat kwaad is” moet gedefinieer word met “die verwerping van die waarheid”, die navolging van wat kwaad in God se oë is en nie streef na God se wese, God se goedkeuring, God se lewe en God se heelheid nie.

Die tweede vraag is: “Is dit moontlik om goed in die oë van die God van die Bybel) te doen sonder Jesus Christus?” Die antwoord is: Nee! “Sonder Jesus Christus kan julle niks (wat ewigheidswaarde het) doen nie” (Johannes 15:5)!

**(2) Die mense wat regtig “goed” doen,
volhard in doen wat goed is (Romeine 2:7).**

Oor hierdie volharding sê Jesus Christus, “Wie tot die einde volhard, sal gered word” (Matteus 24:13; sien Kolossense 1:22-23; Hebreërs 3:14). Romeine 2:7 kombineer twee gedagtes: ’n Christen volhard om goed te doen en ’n Christen streef na hoop (’n seker verwagting), d.w.s., hy rig hom op die werklikheid aan die einde (*die ewige verlossing wat bestaan uit heerlijkheid, eer en onverganklikheid*). Deur “goed doen” en “verlossing” met mekaar in verband te bring, benadruk Paulus dat hierdie twee nooit van mekaar geskei kan word nie. Goeie werke sonder verlossing deur Jesus Christus bly dooie werke. En verlossing deur Jesus Christus sonder goeie werke is aanmatigend.

**(3) Die mense wat regtig “goed” doen,
rig hulle op die toekomstige werklikheid van Christene (Romeine 2:7).**

Wat hierdie mense soek (na strewende, verlang om hê) is “die ewige lewe”. Die uitdrukking “heerlikheid, eer, onverganklikheid en vrede” beskrywe die aard, waarde, duursaamheid en seën van die ewige lewe (Romeine 2:7,10).

Heerlikheid. Die woord “heerlikheid” (Grieks: doxa) verwys na God se wese: deel hê aan die goddelike natuur (2 Petrus 1:4). “Heerlikheid” verwys na die toekomstige verwagting van Christene, naamlik, die finale *verandering* van alles by die wederkoms van Christus (Romeine 5:2; 8:17). Wanneer gelowiges in Jesus Christus sterf en Jesus van aangesig tot aangesig sal sien (Filippense 1:23), sal hul menslike gees verander word sodat hul hele persoonlikheid gelykvormig sal wees aan dié van Jesus Christus en hulle ook die heerlijkheid van God sal reflekteer (Romeine 8:17,18,21,29,30; 9:23; 1 Korintiërs 2:7; 2 Korintiërs 4:17; Kolossense 3:4; 1 Johannes 3:1-3). En wanneer Jesus Christus terugkom, sal die sterflike liggaam van gelowiges in Jesus Christus uit die dood opstaan en verander word sodat dit gelykvormig sal wees aan die verheerlike opstandingsliggaam van Jesus Christus (1 Korintiërs 15:43; Filippense 3:21). Dan sal ook die hele bestaande aarde bewe (Hebreërs 12:26) en deur vuur gereinig en verander word tot die nuwe aarde (Romeine 8:21).

Eer. Die woord “eer” (Grieks: timé) verwys na regverdige mense wat God se goedkeuring ontvang in teenstelling tot goddelose en onregverdige mense wat sy afkeuring kry, veral by die wederkoms (Matteus 25:21; Hebreërs 2:7; 1 Petrus 1:7; 2 Petrus 1:17; Openbaring 4:9,11; 5:12-13).

Onverganklikheid. Die woord “onverganklikheid” (Grieks: aftharsia) verwys na deel hê aan God se lewe, die onsterflike natuur na die opstanding uit die dood (1 Korintiërs 15:42). Dit verwys na die *hoop* van Christene by die opstanding van hul liggaam by die wederkoms (Romeine 8:23; 1 Korintiërs 15:42-54; 2 Korintiërs 5:4; 1 Petrus 1:4).

Vrede. En die woord “vrede” (Grieks: eiréné) verwys na God se heilheid, die volledige afwesigheid van moeilikhede en verdrukkinge op die aarde (Openbaring 21:4). Dit verwys na *vrede tussen volke* op die aarde, maar in sy hoogste betekenis na *vrede met God* (Jesaja 26:3-4; Romeine 5:1), *vrede met Christene* uit elk volk op die aarde (Efesiërs 2:14-15) en vrede in jou eie gedagtes en hart wanneer jy van God geniet tot in alle ewigheid (Filippense 4:7; Openbaring 21:4).

Hierdie strewende na heerlijkheid, eer, onsterflikheid en vrede is die aspirasie en verwagting van Christene en niet van nie-Christene nie. Alleen Christene het sulke verlangens, aspirasies en verwagtinge! Alleen Christene kan so ’n hoop hê!

Maar mense “wat twissiek is, ongehoorsaam aan die waarheid en toegee aan die ongeregtigheid, sal toorn en gramskap (ontvang); en uiteindelik ook verdrukking en benoudheid in die hel (Romeine 2:8-9). Hulle gaan verlore (Romeine 2:12).

Ongelowiges en gelowiges uit die ander godsdienste in die wêreld het nie sulke aspirasies of verwagtinge nie: hulle glo nie in wedergeboorte en verandering nie (Johannes 3:3) en ook nie in die opstanding uit die dode nie (1 Korintiërs 15:19). Hulle strewende na die goedkeuring (aanvaarding) van die God van die Bybel nie en maak ook geen vrede met Hom nie. Hulle voldoen nie aan die regverdige eis van die wet van God nie (Romeine 8:4a; sien Johannes 10:11). Hulle lewe ook nie in ooreenstemming met die Heilige Gees nie, maar in ooreenstemming met hul eie sondige natuur (die vlees) (Romeine 8:4b; zie 1 Korintiërs 12:3).

Dus, die mense wat volhard in goettoen: in die soek na heerlijkheid, eer, onsterflikheid en vrede kan alleen Christene wees! Hulle kry nie die ewige lewe deur goed te doen nie, , maar hul goeie werke is ’n sekerheid dat God hulle die ewige lewe gegee het (Lukas 3:8; Johannes 15:5,8). Omdat hulle die ewige het, word hul lewe gekenmerk deur goettoen en aspirasies met betrekking tot die hoop.

**(4) Die mense wat regtig “goed” doen,
baseer wat hulle doen op die God van die Bybel (Romeine 2:8)**

Dit is “goed” om jouself aan die God van die Bybel te onderwerp in plaas van jouself te soek. Dit is “goed” om die waarheid in die Bybel te glo en aan te neem in plaas van die waarheid te verwerp, te onderdruk of te verander deur dit te vervang met sogenaamde waarhede van die nie-Christene (die ander godsdienste) (Romeine 1:18,25).

(5) Die mense wat regtig “goed” doen,

baseer wat hulle doen op die waarheid wat in die Bybel geopenbaar word (Romeine 2:8).

Hoewel die waarheid in God se besondere openbaring in die Ou Testament baie groter is dan die waarheid wat Hy in die natuur openbaar (Romeine 1:18), is die onregverdige mense onder die nie-Jode en die onregverdige mense onder die Jode dieselfde omdat altwee die waarheid verwerp! “Die waarheid” is Jesus Christus Self (Johannes 14:6), die onderrig van Jesus (Johannes 8:31-32), die werklikhede (in plaas van die skaduwees) van die volbragte verlossingswerk van Christus (Johannes 1:17) en God se Woord (die Bybel) (Johannes 17:17).

Dit is duidelik dat “die werke” in vers 7 nie werke is wat gewone (natuurlike) mense as “goed” bestempel nie, maar “werke wat goed in God se oë is”, omdat hulle heeltemal ooreenstem met die waarheid, d.w.s. met die waarheid van God se besondere openbaring in Jesus Christus en die Bybel. Die waarheid is die evangelie en alles wat die Bybel leer oor die Christelike Geloof en Praktyk. Dus die goeie werke kan nie sonder geloof in Jesus Christus tot stand kom nie (Johannes 6:28-29; 15:5)!

Die Bybel leer duidelik dat dit onmoontlik is om sonder Jesus Christus “goed” te doen! Johannes 14:6 sê dat niemand in die menslike geskiedenis na die enige ware God kom dan deur Jesus Christus! Handeling 4:12 sê: “Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.” En Johannes 15:5 leer dat ’n mens sonder die Here Jesus Christus “niks kan doen” wat in God se oë ewigheidswaarde het nie!

God maak in die laaste oordeel geen uitsonderinge nie. Die wet sal nie die kriterium in die laaste oordeel wees nie en ook nie die evangelie nie! God sal mens oordeel in ooreenstemming met hoe hulle geleef het, wat hulle gedoen het of wat hulle nagelaat het om te doen, ongeag of hulle min of baie kennis van die wet of die evangelie gehad het! Daarom sal God die Jode op presies dieselfde manier oordeel as wat Hy die nie-Jode sal oordeel!

gevolgtrekking. Die mense wat “goed” doen, kan alleen gelowiges in Jesus Christus wees. Alleen Christene doen wat goed is in die oë van die God van die Bybel. Die goeie wat hulle doen is dat hulle die Koninkryk (koningskap) van die God van die Bybel en wat bo alles reg in sy oë is, soek (Matteus 6:33). Die “goed” wat hulle doen is NIE die sogenaamde werke in die oë van mense of hul persoonlike geregtigheid nie, maar alleen die feit dat hulle Jesus Christus as Verlosser en Heer en die geregtigheid wat Hy verwerp het, aangeneem het (sien Matteus 10:18; Johannes 6:28-29). “Die ewige lewe” word dus nooit deur gelowigesverwerf of verdien nie, maar alleen uit genade gegee aan mense wat in Jesus Christus glo. Ongelowiges en gelowiges uit die ander godsdienste in die wêreld word NIE gered (verlos, geregtig) nie, nie omdat hulle nie goeie werke gedoen het nie, maar omdat hulle goeie werke nie gebaseer was op die waarheid wat die Bybel leer nie. Hul goeie werke is gebaseer op hulleself of hulle godsdienstlêers (humaniste, swami’s, rabbi’s, priesters, predikante, mollahs, ens.) sê. Hierdie “goeie werke” in die oë van mense mis die absolute volmaaktheid wat die God van die Bybel eis!

2:12a,14-15

Vraag 3. Wat is God se kriterium vir die oordeel van die nie-Jode (die heidene)?

(1) Die heidene staan *buite* God se besondere openbaring en het die evangelie nog nie gehoor nie.

Aantekeninge. Romeine 2:12a sê, “Almal wat sonder die wet van Moses gesondig het, sal ook sonder die wet verlore gaan”.

Romeine 2:14 en 15 is ’n uitwyding oor God se kriterium vir die oordeel van die nie-Jode (die heidene) op die laaste oordeelsdag. Dit is die antwoord op die vraag, “Hoe kan God die heidene beskou as sondaars as hulle nog nooit die wet gehoor het nie?”

Die antwoord is: alhoewel die heidene die geskrewe wet (die Ou-Testamentiese openbaring en die Nuwe-Testamentiese openbaring van God) nog nooit gehoor het nie, wys hulle dat “die werk” (bedoel word: die vereistes) van die wet in hul harte geskrywe staan en den dat hul gewete hul beskuldig van hul oortredings van die wet. Die heidene wys dus duidelik dat hulle kennis van God se morele wette het op grond van twee sake:

(2) Die heidene doen van nature wat God se (morele) wette vereis.

Byvoorbeeld, die heidene strewe na wettige beroepe, tree in die huwelik en kry kinders, toon kinderlike en natuurlike geneetheid, sorg vir armes en siekes, en doen baie deugdelike goeie werke wat die wet van God vereis. Hulle doen hierdie dinge “van nature”, d.w.s., deur hul natuurlike instink of neiging sonder die dwang van enige wet buite hulself. Die feit dat die heidene van nature die werke (vereistes) van die wet doen, bewys dat “hulle vir hulself ’n wet is”, d.w.s., hulleself is die wetboek wat God se wet aan hulle openbaar! Sommige van hul handeling bewys dat die vereistes van God se morele wet in hul menslike natuur ingebou is. Dit is belangrik om te let op die feit dat hierdie wet (waarvan die vereistes op die hart van die natuurlike mens geskrywe staan) nie ’n ander wet is as die wet wat God aan Moses en die Jode gegee het nie.

(3) Die gewete van die heidene funksioneer op basis van hul kennis van die vereistes van die wette wat op hul harte geskrywe staan.

“Die gewete” is ’n funksie van die menslike gees en maak morele onderskeidings en oordele. Die gewete funksioneer as ’n innerlike regter of monitor wat van mense verwag dat hulle doen wat hierdie morele wette op hulle harte geskrywe van hulle eis. Die gedagtes van die menslike gewete beskuldig of verontskuldig hul menslike gedrag.

(4) Die heidene wat sonder God se wet (d.w.s. God se besondere openbaring) sondig, sal ook sonder God se wet (God se besondere openbaring) verlore gaan.

Heidene wat nog nooit God se besondere openbaring gehoor het nie, kan geen aanspraak maak op onskuldig te wees nie, omdat hulle hul kennis van God se algemene openbaring het wat op hul hart geskrywe staan. Hul gewete beskuldig hulle as hulle hierdie wette oortree of verontskuldig hulle as hulle hul aan hierdie wette hou. Ook die heidene het gesondig en het geen deel aan die heerlikheid van God nie (Romeine 3:10-12,23). Omdat die heidene in die oë van God “skuldig is, sal hulle deur God geoordeel word en verlore gaan.

Maar omdat die heidene sonde doen sonder kennis van God se besondere openbaring, sal God hulle alleen oordeel in ooreenstemming met die kriteria van sy algemene openbaring: hul kennis van God (uit die skeppingswerke in die natuur) en hul kennis van God se morele wet (uit die morele wette geskrywe op hul hart. En God sal hulle oordeel in ooreenstemming met hoe hulle geleef het in die lig van hul kennis van God se openbaring wat hulle het. Hulle sal nie geoordeel word volgens enige wet wat hulle nie het nie.

Die goddelose en onregverdige stede van Sodom, Gomorra, Tirus en Sidon wis niks oor God se Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese openbarings nie. Daarom sal dit in die laaste oordeel verdraagliker vir hulle wees as vir die Jode wat in die tyd van Jesus Christus geleef het, omdat die Jode die Ou-Testamentiese openbaring (die wet) in hul besit gehad het en die Nuwe-Testamentiese evangelie gehoor het (Matteus 10:15; 11:20-24).

Die heidene sal sonder die besondere openbaring (die Ou-Testamentiese wet en die Nuwe-Testamentiese evangelie) *geoordeel word*, maar ook sonder God se besondere openbaring verlore gaan! Wat God dus aangaande die hemel en die hel openbaar in sy besondere openbaring, is dus nie gerig aan die heidene nie wat God se besondere openbaring nie het nie. Al wat ’n mens kan sê, is dat God die heidene absoluut regverdig en billik sal oordeel. “Die slaaf wat geweet het wat sy eienaar wil hê, maar wat nie gereed gemaak het nie, sal ’n swaar straf kry. Maar hy wat nie geweet het nie, en dinge gedoen het wat straf verdien, sal ’n ligte straf kry. Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word.; en van hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word (Lukas 12:47-48). Dus die laaste oordeel (en straf) van God korrespondeer heeltemal met die aard van die sonde van die mens!

God vereis van Christene dat hul barmhartigheid hul offerandes sal oortref. Jesus sê: “Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars” (Matteus 9:13). En alle sondaars het barmhartigheid nodig! Dus mag ’n mens ook die volgende van God verwag: dat God se “barmhartigheid sal triomfeer oor die oordeel” (Jakobus 2:13)! Hoe, word nie aan ons geopenbaar nie!

2:12b,13

Vraag 4. Wat is God se kriterium vir die oordeel van die Jode?

Aantekeninge.

(1) Die Jode staan *binne* God se besondere openbaring, maar het hierdie besondere openbaring verwerp.

(2) Jode wa onder die wet (God se besondere openbaring) sondig, sal ook onder die wet (God se besondere openbaring) geoordeel word.

Romeine 2:12b sê: “Almal wat onder (letterlik: “in”) die wet gesondig het, sal ook sonder die wet verlore gaan.” In die tyd van Paulus het die Jode “onder (letterlik: “in”) die wet” (d.w.s. God se besondere openbaring in die Ou Testament) gelewe. De meerderheid van hulle het die evangelie (God se besondere openbaring in die Nuwe Testament) verwerp. In teenstelling tot die meerderheid van nie-Jode (die heidene) in die tyd, het die Jode met volledige kennis van God se besondere openbaring gesondig. Die Jode sal geoordeel word in ooreenstemming met God se besondere openbaring en dit beteken: in ooreenstemming met die volgende drie beginsels vir die laaste oordeel:

- Hul werke (lewe, dae, gedrag) in die lig van God se *algemene openbaring* (in sy skeppingswerke in die natuur en in sy morele wette in hul hart en gewete) sal hulle oordeel.
- Hul werke (lewe, dae, gedrag) in die lig van God se *besondere openbaring in die Ou Testament* (die Wet en die Profete) sal hulle oordeel. Hulle sal seker veroordeel (verdoem) word vir hul oortredings van God se wette in die Ou Testament.
- En as hulle ook die evangelie gehoor het en verwerp het, sal hulle ook geoordeel word in ooreenstemming met hul werke (lewe, dae, gedrag) in die lig van God se *besondere openbaring in die Nuwe Testament* (die evangelie wat hulle verwerp het). Hulle sal seker geoordeel (verdoem) word vir hul ongeloof (Johannes 3:18,36; 2 Tessalonisense 1:8-9; Hebreërs 4:2), vir hul nalatigheid om te doen wat God vereis (Matteus 25:41-46) en vir hul baie sondes wat nie vergewe is nie (Matteus 6:14; Johannes 9:41; Hebreërs 4:6).

By Jode sal daar 'n presiese korrelasie wees tussen die aard van hul sondes en die straf vir hulle sondes. Maar omdat hulle meer kennis oor God en sy wil gehad het as die heidene, sal die laaste oordeel oor hulle swaarder wees in ooreenstemming met die gewig van hul sondes (Lukas 12:47-48).

(3) Die kriterium vir die oordeel sal nie alleen maar kennis van die waarheid wees nie, maar ook gehoorsaamheid aan die waarheid in God se openbaring.

Baie Jode het gedink dat hul besit van die Heilige Boek van God (die Ou Testament Geskrifte, die Tora) h en hul kennis daarvan hul sou regverdig. Hierdie heilige Boek word vereer, gesoen, met respek gehanteer, bespreek, gedebatteer, verkondig en gememoriseer in hul midde. Elke Sabbat het hulle die voorlesing van die Boek in hul sinagoges gehoor. Nietemin HET HULLE NIE GEGLO WAT HULLE HOOR NIE (Hebreërs 4:2) en DIT OOK NIE GEDOEN NIE. (Hebreërs 4:6)! Die Jode was geneig om die belangrikste in die Boek te verwaarloos – naamlik, om die inhoud van die Boek te glo en te gehoorsaam! Hulle het nie gelewe in ooreenstemming van die Boek nie! Jesus het die Fariseërs veroordeel omdat “hulleself nie doen wat hulleself sê nie” (Matteus 23:3). Die Jode sal geoordeel word na hul werke (lewe, dade, gedrag) en nie alleen maar in ooreenstemming met hul kennis nie.

As Paulus sê, “Nie dié wat die wet hoor, word deur God vrygespreek (geregverdig) nie, maar dié wat doen wat die wet sê, sal vrygespreek (geregverdig) word” (Romeine 2:13), dan bedoel hy nie dat Jode of ander geregverdig (vrygespreek) kan word op grond van die onderhouding van die wet nie. Hy impliseer nie dat die werke (dade) van mense in die laaste oordeel op 'n skaal geweeg sal word nie en dat mense op grond van hul gehoorsaamheid aan die wet deur God regverdig verklaar sal word. Die Bybel sê baie duidelik: “Geen mens word vrygespreek (geregverdig) op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie” (Galasiërs 2:16b; Romeine 3:28)! Wat Paulus bedoel, is dat die kriterium op die laaste oordeelsdag nie sal wees wat 'n mens gehoor het of wat 'n mens weet aangaande die Ou Testament, maar hoe 'n mens geleef het in ooreenstemming met die inhoud van die Ou Testament! Die Wet is nie die middel of kriterium tot die regverdiging nie, maar wel die kriterium vir die oordeel!

(4) God se regverdige vereiste vir verlossing (redding, regverdiging, vrypraak) is niks minder as absolute volmaakte (100%) gehoorsaamheid aan die wet!

Romeine 2:13 sê: “Nie dié wat die wet hoor, word deur God vrygespreek nie, maar die wat doen wat die wet sê, sal vrygespreek word.” Die Bybel leer NIE dat God mense sal regverdig (red) op grond van hul gehoorsaamheid aan die wet nie, maar WEL dat God mense wat die wet besit, sal oordeel in ooreenstemming met die wet wat hulle besit. God se wet (besondere openbaring) in Leviticus 18:5 sê, “Wees gehoorsaam aan my voorskrifte en bepalings. Wie dit doen, sal lewe”. Sowel die Ou Testament (Leviticus 18:5; Esegïel 20:11) as die Nuwe Testament (Romeine 2:7; 10:5; Galasiërs 3:12) leer dat as daar mense sou wees wat God se bepalings in die wet volledig en volmaak (100%) sou hou (gehoorsaam), dan sou hulle deur God geregverdig (verlos) word. Maar na die sondeval is regverdiging (verlossing) deur gehoorsaamheid aan die wet NIE langer moontlik nie!

(5) Geen mens op die aarde of in die geskiedenis kwalifiseer nie, omdat geen mens die wet volledig of volmaak (100%) kan hou nie.

Beide die Ou Testament (Deuteronomium 27:26) en die Nuwe Testament (Galasiërs 3:10; Jakobus 2:10) leer dat alle mense wat deur die onderhouding van die wet geregverdig (vrygespreek) wil word, die wet verplig 100% volledig en volmaak sou moet hou! Jakobus 2:10 sê: “As iemand die hele wet onderhou, maar *in één opsig struikel*, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie.” En Galasiërs 3:10 sê: “Maar almal wat staatmaak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: “Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie.” Alle (humanistiese en godsdienstige) mense wat geregverdig (gered) wil word deur die wet te onderhou, staan (sonder dat hulle dit besef) onder die vloek van God, juist omdat daar geen enkel mens (behalwe Jesus Christus) is wat die wet (100%) volledig en volmaak gehou het of kan hou! Romeine 3:10 sê, “Daar is nie één wat regverdig is nie, selfs nie een nie!” Niemand sal die ewige lewe of die Paradys verkry deur die wet te hou nie!¹

Gevolgtrekking. Romeine 2:13 leer nie dat daar mense is wat gered (verlos, geregverdig) sal word deur die werke van die wet te doen nie.

2:12b,13

Vraag 5. Wat is God se kriterium vir die oordeel van Christene?

Aantekeninge.

(1) Die Christene staan binne God se besondere openbaring en het die evangelie aangeneem.

(2) Christene wat onder God se besondere openbaring sondig, sal deur God se besondere openbaring geoordeel word.

Ook die Christene sal geoordeel word in ooreenstemming met die besondere openbarings van God en dit beteken: in ooreenstemming met die volgende twee beginsels by die laaste oordeel:

Opregte Christene sal geoordeel word op grond van hul geloof in Jesus Christus. Omdat Christene al geregverdig (verlos, gered) is uit God se genade deur hul geloof in Jesus Christus en sy verworwe geregtigheid vir hulle

¹ Dit het ingrypende gevolge vir Jode, Christene en Moslems wat probeer geregverdig te word deur die wet (die Tora, die Tien Gebooie of die Sharia) te hou!

in hulle plek, sal hulle nooit na die ewige vuur van die hel veroordeel (verdoem) word nie (Johannes 5:24; Romeine 8:1), maar sal deur God in die openbaar regverdig verklaar word op die laaste oordeelsdag (Matteus 25:31-34).

Christene sal die nuwe aarde saam met Jesus Christus beërwe, omdat hul name in die Boek van die Lewe van die Lam geskrywe staan (Openbaring 10:20; 20:15). Jesus Christus het versoening gemaak vir al die sondes van mense wat opreg in Hom (Jesus Christus) en in sy volbragte verlossingswerk glo. Hy het versoening gemaak vir hulle sondes in die verlede, in die hede en in die toekoms. In Hebreërs 8:12 sê God, “Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie” (letterlik: nie meer in herinnering bring nie, noem nie)”.

Die werke (dade, lewe, gedrag) van opregte Christene sal ook geoordeel word in die lig van God se besondere openbaring in die Bybel. Hierdie oordeel sal nie hul ewige verlossing (regverdiging) bepaal nie, maar wel hul beloning (1 Korintiërs 3:12-15). Christene sal geoordeel word in ooreenstemming met hoe hulle hul verlore (geregverdigde, Christen) lewe geleef het. Hul werke (dade, lewe, gedrag) sal geoordeel word in ooreenstemming met alle morele wette in die Bybel en in ooreenstemming met al die onderwysing van Jesus Christus in die Bybel. Hul werke sal geoordeel word om die kwaliteit van hul geloof en die vrug van hul verlossing te toets.

Naam-Christene (mense wat alleen “christen” is omdat hul ouers of kultuur christelik is) sal seker veroordeel (verdoem) word vir hul ongelof (Johannes 3:18,36; 2 Tessalonisense 1:8-9), hul verwaarlosing van God se vereistes (Matteus 25:41-46) en hul baie sondes wat nie vergewe is nie (Matteus 6:14; Johannes 9:41).

(3) Christene word geregverdig deur hul geloof in Jesus Christus en op grond van die geregtigheid wat Jesus Christus vir hulle in hul plek verwerf het.

Geen Christen sal geregverdig word deur sy gehoorsaamheid aan die wet of deur die doen van godsdienstige werke (sogenaamde ewangeliese gehoorsaamheid)! God se regverdige vereiste vir verlossing is niks minder as absolute (100%) volledige en volmaakte gehoorsaamheid aan sy wet, naamlik, dat 'n mens absoluut (100% as God) heilig en regverdig moet wees en dat al sy sondes en oortredings volledig (100%) deur een (100%) volmaakte soenofferande gestraf is! As daar 'n Christen was wat die wet volledig en volmaak gehou het, sou hy deur God regverdig verklaar geword het. Maar geen enkel Christen kom daarvoor in aanmerking nie, omdat geen Christen die wet volledig of volmaak kan hou nie (Romeine 3:10,23; Galasiërs 3:10; Jakobus 2:10)!

Maar Christene word geregverdig (verlos, gered), nie op basis van hul eie (altyd onvolledige) werke nie, maar op basis van God se (100%) volledige en volmaakte verlossingswerk deur die dood en opstanding van Jesus Christus. Die grond vir hul verlossing (regverdiging) is NIE WAT HULLE DOEN NIE, maar WAT JESUS CHRISTUS AL VIR HULLE GEDOEN HET! En Christene ontvang hierdie geregtigheid (verlossing) deur hul geloof in Jesus Christus. Hierdie geregtigheid (verlossing) bestaan uit die absolute (100%) volledige en volmaakte geregtigheid van Jesus Christus (1 Korintiërs 1:30). Hul geloof is *nie die grond* of rede vir hul regverdiging (verlossing) nie, maar *wel die middel waardeur hulle die* (100%) volmaakte geregtigheid wat God vereis en wat Christus verwerf het, in ontvangs neem.

(4) Die kriterium vir die oordeel is nie 'n historiese geloof nie, maar 'n geloof wat goeie werke as vrugte dra.

Die kriterium vir die oordeel van Christene op die laaste oordeelsdag is nie wat hulle gehoor het of weet aangaande die Ou Testament en die Nuwe Testament, maar hoe hulle geleef het in ooreenstemming met die inhoud van die Bybel!

(5) Christene word geregverdig (gered) op grond van die volmaakte geregtigheid van Jesus Christus.

Christene sal nooit gered (verlos, geregverdig) word deur 'n puur historiese geloof, d.w.s., 'n geloof in die waarhede van die Bybel sonder gehoorsaamheid aan die inhoud van die Bybel (die besondere werke wat by die verlossing hoort) (Jakobus 2:14-26). God se oordeel hou geen rekening met geloof of regverdiging deur die geloof in die abstrakte. Hy hou rekening met geloof en regverdiging deur die geloof in verhouding tot alles wat tot die verlore (geregverdigde) staat behoort. In die christelike verlossing mag die genade van God nie benadruk word in die sin dat die genade die praktiese christelike lewe opsy sit nie. Gelowiges word nie alleen gered (verlos) van elke vorm van kwaad en ongeregtigheid nie, maar ook gered (verlos) tot elke vorm van geregtigheid en 'n heilig lewe. Hulle word nie alleen van 'n leë en sinlose lewe gered nie, maar ook tot 'n sinvolle en vrugbare lewe van goeie werke.

(6) Christene word beloon op grond van die geregtigheid van Christus.

Christene sal beloon word, nie op grond van hul eie werke (wat altyd onvolmaak bly), maar op grond van die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus wat altyd volledig volmaak is). Hulle sal beloon word, nie omdat hulle die goeie werke gedoen het nie, maar alleen omdat God in Jesus Christus genadig vir hulle gewees het.

Maar hulle sal beloon word in ooreenstemming met hul eie werke. Hul goeie werke is vir hulle 'n bewys dat hulle hoort by mense wat God uit genade deur die geloof gered het (Efesiërs 2:8-10). Hul werke sal die kriterium wees vir hulle beloning (Matteus 25:20-21; 1 Korintiërs 3:14-15) en dus ook die kriterium vir God se beoordeling van Christene.

(7) Die kriterium vir goeie werke is God se morele wet.

Die kriterium vir werke is die Tien Gebooie en alle ander morele onderwysings in die Bybel. Die morele wet is noot vir Christene afgeskaf nie! Hoewel Christene nie langer “onder die wet” (naamlik, onder God se regseis om absoluut volledig en volmaak heilig en regverdig te wees) is nie (Romeine 6:14), is hulle nie vrygestel van God se wet nie, maar

is hulle “onder die wet van Christus” (naamlik, om God en hul naaste lief te hê) (Romeine 13:8-10; Markus 12:30-31; 1 Korintiërs 9:21). Die morele wet in die Bybel is nie die grond of die middel vir die regverdiging nie, maar wel die riglyn hoe die Christen as ’n regverdige (as ’n Christen) sy verlossing (sy Christen wees) in praktyk bring (sien Eksodus 20:1-2).

Gevolgtrekking. Wanneer Paulus sê, “God sal elkeen vergeld volgens sy daade” (Romeine 2:6), dan geld dit ook vir die Christen. Die goeie werke van die Christene as die bewys van hul geloof en verlossing uit genade, is daarom ook die kriterium vir God se beoordeling van Christene. Die goeie werke van Christene het ’n essensiële (onontbeerlike) plek in die Bybelse leer oor verlossing (Matteus 5:16; Galasiërs 6:9-10; Efesiërs 2:8-10; Titus 2:14).

2:16

Vraag 6. Hoe sal God mense op die laaste oordeelsdag oordeel?

Aantekeninge.

Die laaste oordeelsdag is ’n essensiële onderdeel van die verkondiging van die evangelie. Op die laaste oordeelsdag sal God alle mense wat ooit geleef het, oordeel. Hy sal ook die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus oordeel in ooreenstemming met die evangelie wat Paulus verkondig.

(1) Mense sal in ooreenstemming met al hul werke geoordeel word.

Nie alleen die uiterlike handeling van mense nie, maar ook hul verborge geheime sal geoordeel word (Prediker 12:14). Hierdie woorde word veral teen die ongelowige Jode gerig wat probeer uitblink in uiterlike juiste handeling! In Romeine 2 het Paulus herhaaldelik die bedrieglikheid van die Joodse aanmatigende houding ontmasker. Nou ontmasker hy ook die dwaasheid van die Joodse uiterlike godsdienstige gedrag. God se oordeel sal volgens die waarheid wees, d.w.s., in ooreenstemming met die werklike gedagte, motiewe, houdings en handeling van mense. En dit sal seker gaan oor al hul verborge en skandelige handeling (2 Korintiërs 4:2; Efesiërs 5:12).

(2) Mense sal in ooreenstemming met die evangelie wat Paulus verkondig, geoordeel word.

Dit beteken nie dat die evangelie die universele kriterium vir die oordeel van God is nie.

Die wet. Die wet as ’n onderdeel van God se besondere openbaring in die Ou Testament is nie die universele kriterium vir God se oordeel nie (Romeine 2:12).

Die evangelie. Ook die evangelie as onderdeel van God se besondere openbaring in die Nuwe Testament kan nie die universele kriterium vir God se oordeel wees nie.

Die werke. Die universele kriterium vir God se oordeel is “die werke van mense”, d.w.s., hoe mense geleef het in die lig van die openbaring (uit die wet en die evangelie) wat hulle ontvang het.

Wat Paulus in vers 16 wil sê, is dat die evangelie nie alleen die verlossing deur geloof in Jesus Christus verkondig nie, maar ook God se oordeel oor alle goeie en slegte werke van mense deur Jesus Christus op die laaste oordeelsdag verkondig (Matteus 25:31-46; Johannes 5:22,27-29). Die verkondiging van God se regverdige oordeel van alle mense en al hul verborge geheime en daade is ’n kenmerkend onderdeel van die evangelie.

God se genade beteken nie die ontheffing van God se oordeel nie!

Die verkondiging van die evangelie van God se liefde en genade mag die verkondiging van God se toorn en oordeel nie uitsluit nie!

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou ’n dinkskrum en stel ’n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 2:1-16.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, daar ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 2:1-16.

- 2:1. Oordeel ander nie as jy dieselfde verkeerde dinge doen nie.
- 2:3. As jy kwaad doen, kan jy God se oordeel nie vryspring nie
- 2:4. Wees goedertieren, verdraagsaam en geduldig teenoor slegte mense en gee hul op hierdie manier ’n kans om hulle te bekeer
- 2:5. As jy jou nie bekeer nie, gaar jy vir jouself straf op vir die oordeelsdag.
- 2:6. Let goed op hoe jy lewe en wat jy doen, want God sal op hierdie basis mense oordeel.
- 2:7. Volhard om die goeie te doen, omdat jy hoop op ’n nuwe toekoms.
- 2:8. Verwerp nooit die waarheid van die Bybel nie!

- 2:11. Trek mense nooit voor nie!
 2:12. Christus sal jou oordeel op grond van jou kennis van sy openbaring in die Bybel.
 2:13. Christus sal jou oordeel in ooreenstemming met hoe jy lewe, wat jy doen en hoe jy sy openbaring gehoorsaam.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 2:1-16.

Ek wil bly onthou dat God my as 'n Christen ook gaan oordeel in ooreenstemming met hoe ek geleef het (en wat ek gedoen het). Hy sal my oordeel, nie om te bepaal of Hy my moet regverdig nie, maar om die kwaliteit van my geloof en die vrug van my verlossing te toets.

Ek wil volhard in goed doen, omdat ek 'n hoopvolle toekoms het!

STAP 5. BID.	REAKSIE
MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 2:1-16. (Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)	

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDERE
----------	-------------------------	---

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

- Toewyding.** Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
- Verkondig, onderrig of bestudeer** die Bybelstudie uit Romeine 2:1-16 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
- Persoonlike tyd met God.** Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Josua 1, 6** en **Rigters 2, 7**. Maak gebruik van die uitgekose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
- Memoriserings.** Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelverses: **(1) Romeine 1:16**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
- Onderrig.** Berei **die gelykenis van "die onkruid tussen die koring"** in Matteus 13:24-30 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
- Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
- Hou jou aantekeninge op datum.** Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.